# DIE AARD VAN GOD: WESE EN KARAKTER EIENSKAPPE

## DIE WESE VAN GOD

Hoe lyk God? Wat is sy aard? Hoe dink Hy oor die skepping en ons? Gaan ons Hom ooit sien? Hierdie is van die baie vrae wat Christen gelowiges mee worstel. Net soos wat die afdeling in Sistematiese Teologie, Soteriologie, met die persoon en werk van Jesus Christus deel, so is die afdeling Teologie die een wat te doen het met die karakter van God.

Die wese en karakter eienskappe van God is basies sinonieme van mekaar. Dit verteenwoordig die manifestasie van God se karakter. Indien daar nie wese is nie, kan daar nie karakter eienskappe wees nie.

### Geestelikheid

God is 'n substans, maar nie 'n materiële substans nie, eerder 'n geestelike een. Jesus het van God gesê:

> God is Gees. – **Johannes 4:24**

Hy het nie gesê "'n gees" (en die onbepaalde lidwoord gebruik) nie. Dus word God se aard as gees gedefinieer. Onder die aspek van die geestelikheid van God se karakter tel die volgende aspekte:

#### Hy is nie-liggaamlik

'n Gees het nie vlees en bene nie (Lukas 24:39). God is gees. Dit is om hierdie rede dat ons nie 'n gelykenis van Hom mag maak nie (Exodus 20:4). Waarom word daar dan menslike eienskappe aan God toegedig (hande: Jesaja 65:2; voete: Génesis 3:8; oë: 1 Konings 8:29; en ore: Nehemia 1:6)? Dit is bloot om Hom vir ons as mense verstaanbaar te maak. Die mens is finitief (met 'n begin en 'n einde), vlees en woon in 'n fisiese liggaam. God is infinitief, sonder 'n begin of 'n einde.

#### Hy is onsienlik

Ons kan God nie sien nie en Hy verskyn nie aan ons in 'n menslike, sigbare vorm nie. Sien Eksodus 33:20 en Johannes 1:18. Hy is die onsigbare God (Kolossense 1:15; Romeine 1:20; 1 Timótheüs 6:16). Waar dit in die Bybel voorkom asof mense Hom gesien het, was dit 'n weerkaatsing van sy glorie (Hebreërs 1:3). Wat dan wanneer Jesus sê dat as ons Hom gesien het, het ons God (die Vader) gesien? Sien Johannes 14:9. Jesus het nie bedoel dat ons fisies God die Vader sien nie, maar eerder sy karakter in Jesus Christus ervaar. Jesus was die vergestalting van God op die aarde, en die openbaring van die karakter van God aan die mens.

#### Hy leef

Hy word die lewende God genoem (Josua 3:10). Lewe impliseer gevoel, krag, en aktiwiteit. God beskik oor al drie (Psalm 115:3). Hy is die bron van lewe (Psalm 36:9) en word gekontrasteer met die dode (Psalm 115:3-9).

### Hy is ‘n persoon

Hy is nie ‘n onpersoonlike gees nie, net soos ons as mense nie ‘n onpersoonlike geestelike element het nie. Hy praat van Homself in die eerste persoon (Eksodus 20:2vv) en reageer wanneer Hy in die tweede persoon aangespreek word (Psalm 90:1vv). Hy beskik ook oor persoonlike karakter eienskappe – intellek (Génesis 18:19); gevoel (Génesis 6:6); en besluitneming (Génesis 3:15). Verdere eienskappe sluit in spraak (Génesis 1:3); sig (Génesis 11:5); gehoor (Psalm 94:9); berou (Génesis 6:6); toorn (Deuteronómium 1:37); jaloesie (Eksodus 20:5); en empatie (Psalm 111:4). Hy is die skepper (Handelinge 14:15); onderhouer (Nehemía 9:6); regeerder (Psalm 75:7); en onderhouer (Psalm 104:27-30) van alle dinge.

## Self-bestaan

Waar ons as mense se bestaan buite onsself beheer word, is God se bestaan nie onderhewig aan enige ander wese nie. Hy is wat Hy is (Exodus 3:14) en Hy is (Johannes 8:58).

### Grootheid

God bestaan buite tyd en ruimte. Hy word nie daardeur vasgehou of beheer nie. Tyd en ruimte is veel eerder afhanklik van sy bestaan. Sien 1 Konings 8:27; en Handelinge 17:24-28. Omdat ons nie buite tyd en ruimte kan dink nie, is dit moeilik om hierdie doktrine behoorlik te beskryf. Dink miskien so daaraan: as jy ‘n lineaal neem en dit vashou, kyk jy van ‘n afstand af en hierdie lineaal verteenwoordig vir hierdie argument tyd, waar 0 mm die begin is, en 300 mm die einde. Die lineaal het ook ruimte (dit is ‘n reghoek) en ‘n bepaalde lengte (300 mm met ‘n paar millimeter ekstra aan die kante. Rondom dit bestaan tyd en ruimte nie, net God alleen. Net soos wat jy na die hele lineaal kyk en in een blik alles vanaf 0 tot 300 mm sien, sien God sien alles op een slag raak in die skepping, ongeag van wanneer dit gebeur (het) of (sal) gebeur.

### Ewigheid

Soos met ruimte hierbo, is God ook buite tyd. Kom ons gebruik weer die lineaal as ‘n hipotetiese voorbeeld. As jy die standpunt inneem dat 0 tot 300 mm tyd verteenwoordig, wat is voor 0 mm en na 300 mm? Jy sien egter ook die voorkant van 0 mm en die agterkant van 300 mm.

Net so, maar op in infinitiewe groter skaal as wat ons dit deur ons voorbeeld kan uitdruk, is God. Hy is die Ewige, sonder begin of einde. Hy self het tyd geskep. Sien Génesis 21:33, Psalm 90:2; Psalm 102:27; Jesaja 57:15; en 1 Timótheüs 6:16. Hy het saam met tyd ook die materiële ruimte geskep, en dit met die spreek van ‘n woord, wat binne tyd opereer (Johannes 1:3, en Hebreërs 1:2 en 11:3).

## DIE EIENSKAPPE VAN GOD

Ons kan nie al hierdie aspekte van God kan verstaan nie maar ons kan poog om dit op ‘n menslike manier te verduidelik. Daar is twee stelle eienskappe: nie-moreel en moreel.

Die nie-morele eienskappe sluit die volgende in:

### Alomteenwoordigheid

In Engels noem ons dit omnipresence waar *omni* (Latyn) oral, al, of alles beteken. Alomteenwoordigheid beteken dus om oral op dieselfde tyd te wees. God is oral in sy skepping teenwoordig sonder om enigsins daardeur gebonde te wees. Ons sien dit veral in sy verhouding met die skepping – 1 Konings 8:27; Psalm 139:7-10; Jesaja 66:1; Jeremia 23:23; Handelinge 7:48; en Romeine 10:6-8.

God se alomteenwoordigheid is nie ‘n noodwendige essensie om te kan bestaan nie, maar eerder ‘n vrye keuse. Panteïsme bind God aan die skepping en sien Hom nie as apart daarvan nie. God se alomteenwoordigheid behoort vir die gelowige eerder ‘n bron van vertroosting as ‘n bron van kommer te wees. Niks kan God se teenwoordigheid ontvlug nie (Psalm 139:7-10) en Hy sien alles wat ons doen (Hebreërs 4:13).

Ek wil ‘n aspek hier noem wat nie in hierdie deel van Thiessen se teologie genoem word nie, maar wat bewys dat God alomteenwoordig is maar nie daardeur gebind kan word nie. Kom ons maak dit baie maklik: indien dit waar is dat die Kerk van Jesus Christus deur die Heilige Gees gelei word, en die wegraping vind plaas, waar is die Heilige Gees dan? As God is die Heilige Gees alomteenwoordig. Die invloed van die Heilige Gees deur die Kerk gaan egter nie meer hier wees nie, of ten minste nie deur die Kerk nie. Wat dan van Israel? Hulle word in een dag gered (Romeine 11:26) en dit kan net deur die werking van die Heilige Gees geskied. Ek is van mening dat die Heilige Gees nog steeds gedurende die verdrukking op aarde teenwoordig sal wees, maar die sondige aard van die (meeste) mense wie oorbly, wil dat hulle nie bekeer nie (Openbaring  16:21).

### Alwetendheid

In Engels noem ons dit omniscience waar *science* kennis beteken. God weet alles. Sien Jesaja 46:10. Niks is vir Hom verborge nie (Psalm 147:5). Hy weet selfs hoeveel hare ek en jy het (Matthéüs 10:30)! Die omvang van God se kennis is onbeperk:

- God ken Homself ten volle.
- Die Vader, Seun, en Heilige Gees ken mekaar (Matthéüs 11:27 en 1 Korinthiërs 2:11)
- God ken die skepping (die onsigbare skepping, Psalm 147:4; en die sigbare skepping, Matthéüs 20:29); die mens en sy doen en late, Psalm 33:13-15; die gedagtes van die mens, Psalm 139:1-4; en die mens se behoeftes, Eksodus 3:7.
- Hy weet alles. Sien Matthéüs 11:21vv.
- Hy ken die toekoms en beskik oor voorkennis. Sien Jesaja 46:9vv; Daniël 2 en 7; Matthéüs 24 en 25; en Handelinge 15:18. Hy het geweet van die toekomstige ontstaan van konings (Jesaja 44:26vv); die koms van Jesus (Miga 5:2); en sy kruisiging (Handelinge 2:23).

**Almagtigheid**

In Engels noem ons dit omnipotence waar *potence* krag beteken. God het al die mag en krag en Hy kan doen net wat Hy wil, hoe Hy wil. Daar is egter ook goed wat Hy nie kan doen nie omdat dit teenstrydig met sy aard sal wees. Hy kyk nie met aanvaarding na onreg nie (Hábakuk 1:12-13); hy kan Homself nie verloën nie ( 2 Timótheüs 2:13); Hy kan nie lieg nie (Titus 1:2); en Hy kan nie sondig nie (Jakobus 1:13). Verder kan Hy niks doen wat absurd is nie – Hy kan nie 'n vierkant 'n sirkel maak nie omdat dit teen die aard van sy alwetendheid sal wees. Hy kan nie dit wat reg is, verkeerd maak nie.

God kan alles doen, maar Hy wil nie noodwendig alles doen nie. Hy het nie nodig gehad om sonde te keer nie, juis omdat Hy die mens 'n vrye wil gegee het. Hy dwing niemand om dit wat reg is, te doen nie.

Hy word genoem die Almagtige (Génesis 17:1; Openbaring 4:8) en alles is vir Hom moontlik (Matthéüs 19:26). Niks is vir Hom te moeilik nie (Jeremia 32:17).

Vir die gelowige is die almagtigheid en alwetendheid van God 'n bron tot blydskap en gerusstelling, waar dit vir die ongelowige 'n bron van kommer en vrees is (1 Petrus 4:17). Selfs die duiwels sidder (Jakobus 2:19) omdat hulle weet dat God mag oor hulle het (Matthéüs 8:29). Gedurende die verdrukking probeer mense met groot posisies (konings, grotes, rykes, owerstes, en magtiges) van Hom af vlug, maar tevergeefs (Openbaring 6:15-17). Hierdie teks bevat 'n element van humor en sarkasme – hierdie ouens met groot mag en besluitneming kruip nou saam met (hulle) slawe in grotte weg. Niemand hou stand voor die almag van God nie. Jou posisie tel niks nie.

**Onveranderlikheid**

In Engels noem ons dit immutability. Dit beteken God is onveranderlik in sy natuur, essensie, eienskappe, gewete, en wil. Enige vorm van verandering sal impliseer dat iets ten goede verander, maar God is reeds perfek en daar is dus geen rede hoekom Hy ten goede sal hoef te verander nie. Hy kan nie groter, meer intelligent, of enige so iets wees nie. Waar die mens bestaan uit liggaam, siel, en gees, en elkeen van hierdie drie probeer om (hopelik) ten goede te verander, is dit nie by God moontlik nie. Daar is geen verandering by Hom nie (Jakobus 1:17); sy karakter verander nie (Psalm 102:27-28), ook nie sy krag (Romeine 4:20-21), planne (Psalm 33:11), beloftes (1 Konings 8:56), sy liefde en genade (Psalm 103:17), of sy geregtigheid (Génesis 18:15) nie.

Ons moet egter nie aan sy onveranderlikheid dink as iets wat nie beweeg kan word nie. God is aktief betrokke in die lewens van veranderende mense. Hy verander sy optrede namate ons bereid is om ten goede te verander, soos voor en na ons redding (Spreuke 11:20; 1 Petrus 3:12). Hier is 'n paar voorbeelde waar God se voorneme verander het:

- Moses se intersessie vir die volk, Numeri 14;
- Nineve word nie verwoes nie, Jona 3; en
- Naäman, 2 Konings 5.

Hierdie was genade, onverdiende genade.

## DIE MORELE EIENSKAPPE

Die morele eienskappe van God is die aspekte wat noodsaaklik is vir sy Goddelike essensie. Ek som hulle kortliks op, maar jy kan die besonderhede in Thiessen se Systematic Theology gaan oplees.

### Heiligheid

God is heilig bo alles en almal. Sy heiligheid werk tesame met al sy ander eienskappe. Sy heiligheid het egter drie dinge tot gevolg: (1) dit veroorsaak 'n gaping tussen die mens as sondig, en God as heilig; (2) die mens kan nie in sy sondige toestand tot God nader nie, en daarom is Jesus Christus die Middelaar; en (3) ons moet tot Hom nader met eerbied en vrees (Hebreërs 12:28).

### Regverdigheid en geregtigheid

Die regverdigheid van God word gesien in sy omgang met die mens. Ons kry wat ons verdien. Omdat God altyd regverdig oordeel en optree, moet dit vir ons die uitdaging wees om so te leef dat ons optrede God sal behaag.

### Goedheid

God se goedheid word gevind in al sy ander eienskappe – sy heiligheid, regverdigheid, en waarheid, tesame met sy liefde, meegevoel, genade, en guns.

### Waarheid

God is waarheid. Waarheid is nie net die basis van ons geloof nie, maar ook van alle kennis. Pilatus vra "Wat is waarheid?" (Johannes 18:28). Die Waarheid (Johannes 14:6) het voor hom gestaan, so naby was Pilatus aan sy redding. Hy was met die waarheid gekonfronteer. Tog moes hy 'n keuse maak, op grond van sy vrye wil.

## OPSOMMING

Die dinge van God is dikwels vêr te hoog vir ons om te verstaan. Dawid het dit baie goed geweet (Psalm 139). Dawid skryf hier oor God se alwetendheid (vers 2-4); sy alomteenwoordigheid (vers 5-10); die feit dat Hy lig is (vers 11-12); sy wetenskaplike mag (vers 13-16); sy kennis van dit wat ons bedink (17-18, en 23-24).

Job vat dit saam in Job 40-42. Ek kan niks hierby voeg nie, behalwe om te vra dat ons die Here sal toelaat om daagliks ons gees te vernuwe om in ooreenstemming met sy Gees te leef.